

15 Oktober

## Eksodus 33 (1953-vertaling)

(Teks: 33:18-23)

### ***Laat my tog u heerlijkheid sien***

Moses wil die heerlijkheid van God sien. Maar nie meer in 'n bepaalde gedaante nie. O nee! Hy begeer om God van aangesig tot aangesig te sien! Veral nadat die Here vir hom gesê het: "Ek ken jou by die naam", begeer hy om God ook so te ken.

Hierdie versoek van Moses is nie vir ons vreemd nie. Hoe meer ons op die weg van heiligmaking vorder en hoe meer ons daaglikse sorge, ons sondes en die Satan ons gedagtes van die Here wegtrek, hoe meer verlang ons om die heerlijkheid van God te sien.

Wat is die Here se antwoord? Enersyds 'n *afwysing*. Omdat God heilig is en die mens onheilig, kan hy God nie sien nie. Hy sal sterwe. Maar *andersyds* kom die Here met 'n *genadige aanbod*: Net soos 'n mens met jou blote oog na die agterblywende gloed van die son kan kyk as hy ondergaan - so mag Moses die afglansing van God se heerlijkheid sien as Hy by hom verbygaan en die Naam van die Here hoor.

Volgens die Hebreërbrief is Jesus Christus die ewebeeld van die wese van God uit Wie die heerlijkheid van God uitstraal (1:3). En daarom: Wie in die geloof as doemwaardige sondaar by Jesus Christus skuil as die Rots van ons behoudenis, *sien* elke dag die heerlijkheid van God; *hoor* elke dag die Naam waarin God sy heerlijkheid openbaar, en *ervaar* elke dag hoe die Heilige Gees ons meer en meer vorm na die beeld van die heerlijkheid van God!

Sing Skrifberyming 33:2

Dr. C J. Malan (Emeritus)